HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Uitgawe: 1 www.hsheidelberg.co.za 2 Februarie 2024

Kalender

Maandag 5/02 Dag 1	Dinsdag 6/02 Dag 3	Woensdag 7/02 Dag 4	Donderdag 8/02 Dag 5	Vrydag 9/02 Dag 6	Saterdag 10/02	Sondag 11/02
ENKEL- & KLASFOTO'S • Saalbyeen-koms	• Gr. 4 - oueraand 17:30 • Gr. 12 - oueraand 18:00	• Meneer Esterhuizen verjaar • LS-krieket vs De Waalville Primêr	• HSH - Lanbouskou toutrek • LS-Distrikte byeenkoms	• LS-Distrikte byeenkoms		
Maandag 12/02 Dag 7	**Dinsdag 13/02 Dag 8**	**Woensdag 14/02 Dag 9**	**Donderdag 15/02 Dag 1**	**Vrydag 16/02 Dag 2**	**Saterdag 17/02**	**Sondag 18/01**
• Personeel-vergadering	• LS-krieket vs Melkhout-fontein • HS-Hessequa atletiek te Riverville	VALENTYNS-DAG • LS- & HS-sokkie	• Saalbyeen-koms • LS-tennis Rûens Kollege (weg)	• Kleinspan-atletiek • VRL-kamp	• VRL-kamp • LS-Hessequa atletiek (Riverville) • Suurbraak toutrek	

HEIDELBERG LANDBOUSKOU

L I E F D E S W E E K

UIT DIE KANTOOR

Liewe Ouer/Voog

Dit is lekker om na 'n geseënde rustyd weer met u te kan gesels. 'n Spesiale welkom aan alle nuwe ouers en leerders. Baie dankie dat Hoërskool Heidelberg die skool van "eerste keuse" vir u kind se opvoeding is. Dit is elke dag vir elkeen van ons hier by HSH 'n voorreg om aan die leiers van môre te bou. Mag 2024 vir u en u kind vol geleenthede en uitdagings wees wat van "Alleen Ons Beste" kan getuig.

Ek is oortuig van die feit dat 'n betrokke leerder 'n gelukkige leerder is. Ek is verseker dat, vir 'n leerder om gelukkig te wees, sy ouers net so betrokke by skoolaktiwiteite moet wees. Om 'n skool van uitnemendheid te wees, moet drie vereistes nagekom word:

1. onderrig en opvoeding wat getuig van uitnemendheid moet plaasvind.
2. Alle leerders moet betrokke wees by alle skoolaktiwiteite.
3. Alle ouers moet betrokke wees by alle skoolaktiwiteite.

Elkeen van ons leerkragte, leerders, ouers, gemeenskap en oud-leerders vorm deel van 'n legkaart wat uiteindelik 'n prent van uitnemend-heid moet voorstel. Indien een van daardie legkaartstukke ontbreek, kan die prent nie voltooi word nie. U as ouer het dus 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat:

- u kind 'n ware Hattie is
- akademie as sy/haar prioriteit beskou word
· u kind betrokke is by kultuur- en sportaktiwiteite
· u kind die skoolreëls, soos vervat in die gedragskode, sal nakom.

Skakel asb. in by die OOV en lewer so 'n positiewe bydrae om te help bou aan die uitnemendheid by HSH. Woon u kind se buitemuurse aktiwiteite by en moedig hul daagliks aan om na 'n gebalanseerde menswees te strewe.

Dit is die doel van HSH om jong volwassenes voor te berei vir die wêreld daarbuite. Dit is egter nie die taak van die skool alleen om u kind op te voed nie. Elkeen van u is 'n vennoot in u kind se opvoedings-proses.Ons maak staat op u om toe te sien dat u trots (u kind) ook HSH se trots is. Ondersteun asseblief die skool in die toepassing van dissipline. Maak seker dat dit nie vir 'n onderwyser nodig is om u kind tereg te wys m.b.t. voorkoms en goeie maniere nie. Maak seker dat u kind oor die nodige waardesisteem beskik om 'n ware Hattie te wees! Leer asseblief u kind tuis die waardes van: verantwoordelikheid, integriteit en respek.

By voorbaat baie dankie dat ons op u samewerking en positiewe gesindheid kan reken.

Groete

J.J. Nell
Skoolhoof

HOËRSKOOL HEIDELBERG

X-INGELIG

Hatties

Uitgawe: 1 www.hsheidelberg.co.za 2 Februarie 2024

VREUGDE

Met hierdie jaar se tema as vreugde wil ons in 2024 doelbewustelik bou aan ons skool se trots en 'n paar waardebeginsels by ons leerders tuisbring. Ons is trots op ons skool, want ons is trots op onsself. Ons standaard is ons trots, daarom werk ons daagliks om die kernbesigheid van ons skool, ons akademie te beskerm, te ontsluit en so aan te bied dat dit vir elke leerder betekenisvol is. Ons wil graag deur al die aktiwiteite aangebied VREUGDE bring by ons kinders, ouers en onderwysers.

REKORDS WAT SPAT!

Baie geluk aan die volgende atlete wat rekords tydens die kleure-atletiek gebreek het:

Raywin Links s/13 (100m, 200m, 800m),
Montell Vryman s/15 (100m), Johwen Hefske s/17 (200m) en Skyeler Pretorius s/9 (Hoogspring)

KARATE

Tradisionele Okinawan Goju Ryu Karate Heidelberg Dojo deur Sensei Almary Rossouw aangebied. Klasse is Dinsdae 17:00 - 18:00 te NG-Kerksaal. Vir meer inligting kontak:
082 937 2816
almaryelf@gmail.com

ROOIES BO!

Baie geluk aan die Rooispan wat die Gees- en Puntebeker tydens die kleure-atletiek gewen het. Geluk aan die Blouspan met jul deelname en prestasies. Baie dankie aan die OOV, beamptes, onderwysers en ondersteuners wat die dag moontlik gemaak het.

Hatties
Alleen ons beste

STEAKHOUSE

Kom geniet 'n smullekker steak! Een van ons grootste fondsinsamelings is die steakhouse by die jaarlikse skou. Byvoorbaat dankie aan elke ouer en onderwyser wat help om die projek suksesvol te voltooi.

LIEFDESWEEK

BOELIE ISSIE COOL NIE!

Ons doen graag 'n beroep op ouers: gesels asseblief met u kind(ers) oor die gevare van boeliery op die skoolterrein. Ons skool gaan boeliegedrag nie duld nie!